E-Musiek EPK:

Juan Marais

BAND STORY

"Juan is gebore in Richardsbaai op 27 Desember 1984. Hy bring sy kinderjare deur in Meyerton, Gauteng, waar Laerskool Dr Verwoerd hom gehelp het om sy kinderskoene te ontgroei. Dit was dan ook hier waar sy passie vir musiek gebore is. In 1997 het hy na die lewensverhaal van die Country Sanggroep “ The Judd’ s” gekyk. Dié verhaal het hom aangespoor om aan revue’ s deel te neem. Hy het ook ’ n A++ verwerf vir sy deelname aan ’ n spreekkoor. Die skryfgogga byt hom reeds vroeg in sy lewe en die eerste liedjie wat hy geskryf het was: “ Net ’ n bietjie van Jesus”. Dié skryfgogga was tweetalig en die eerste engelse liedjie volg met die titel: “ Lord I’ m hungry.” Sy eerste gedig sien in 2000 die lig met die titel “ My pa, die held”. Sy onderwyser was so beindruk daarmee dat Juan 95daarvoor kry. Hy voltooi sy Matriek in 2002 by die Hoërskool Dr Malan en betreë die volwasse wereld..’ n Passie by Juan is sy godsdiens en daarom besluit hy in 2003 om homself voor te berei vir die voltydse bediening. Hy studeer by die Aucklandpark Teologiese Seminarium & daarmee saam draf hy klas by die ou RAU –vandag beter bekend as die Universiteit van Johannesburg.In 2005 skryf hy ’ n liedjie vir die Studenteraad van A.T.S wat gebruik word as die Kabinetslied vir die eerstejaars se ontgroening. Deel van Juan se leerskool in 2006, was sy betrokkenheid by sy gemeente se jeugbediening. Dié groep het met 6 begin en vinnig gegroei tot 60. Juan kon dit waarvoor hy geswat het uitleef. Hy het die kans gekry om jongmense by te staan in die proses van geestelike en innerlike genesing. Iets wat mens slegs kan regkry met die hulp en genade van sy Hemelse Vader.Gedurende Augustus

STATS

Visits	Plays
1,925	213
Streams	**Downloads**
213	0

Featured Songs

1		**Uit die diepte van my hart.**	Ambient
2		**Ek klop aan jou hart.**	Acapella

Hemelse Vader.Gedurende Augustus 2008 neem hy deel aan ’ n karaoke by ’ n vyftigste verjaarsdag. Een liedjie word toe vyf en van toe af was daar geen keer aan hom nie. Sy eerste duet word gesing in Desember 2008 met die titel: “ Love can build a bridge”.Antoinette Nel kruis sy lewenspad in Januarie 2009. Tannie Antoinette is die een wat Juan leer om sy stembande en maagspiere reg te gebruik. Sy aanvaar nie “ Ek kan nie!” vir ’ n antwoord nie en druk Juan omdat sy weet hy is tot groot dinge instaat. Hieroor is Juan vandag baie dankbaar. "

LATEST NEWS

For additional information please contact us
©2012 E-Musiek